**LAERSKOOL KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# LAERSKOOL KRUGERPARK SWEMBELEID

## INLEIDING

Hierdie beleid handel oor die sinvolle en doeltreffende bestuur van swem by Laerskool Krugerpark.

## DOEL

Die doel van hierdie swembeleid is om riglyne, reëls en regulasies neer te lê vir die afrigter, die swemmer en die ouers om die aanbieding en organisasie van swem te vergemaklik en om te verseker dat die opvoedkundige waarde van swem bevorder sal word.

Doelwitte:

- Om alle leerders 'n gelyke kans te gee om deel te neem
- Om 'n liefde vir die sport aan te kweek
- Om 'n massa deelname te bevorder
- Om leerders wat talente het die geleentheid gee om te presteer
- Om sportmangees te kweek

## INHOUD

1. Swemorganiseerder
2. Vriendskaplike galas
3. Bywoning van oefening en byeenkomste
4. Opstel van spanlys
5. Begroting
6. Affiliasie
7. Algemeen
8. Prysuitdelings – Erkenning

## 1. SWEMORGANISEERDER

Die Swemorganiseerder is verantwoordelik vir die doeltreffende bestuur van swem by Laerskool Krugerpark wat funksies soos organisasie, orde reëlings, beampteskap en fasiliteite voorsiening insluit.

Dit is die organiseerder se verantwoordelikheid om 'n lêer saam te stel met al die nodige dokumentasie

## 2. VRIENDKSAPLIKE GALA'S

a) Vriendskaplike galas word deur die organiseerder gereël.

b) Die datums word op die Kwartaalprogram aangedui.

c) Die swemmers moet hard oefen, hulle kant bring en gereeld en stiptelik by oefeninge opdaag om sodoende hulle volle potensiaal te ontwikkel

d) Daar word jaarliks in September 'n interhuis gala aangebied

e) Na die interhuis gala word die span saamgestel vir die vriendskaplike galas en Top 10

f) Tydens die Interhuis gala (Visse Swemgala) word die volgende swemmers vir die Krugie swemspan gekies: Al die swemmers in elke ouderdomsgroep in elke slag wat eerste, tweede of derde plek gekry het.

g) Geen veranderings sal aan die swemspan gemaak word na die interhuis nie, behalwe in die geval van siekte of onttrekkings.

h) Swemmers wat as gevolg van mediese redes of aangeleenthede op meriete nie tydens die Visse swemgala deelneem nie, kry die geleentheid om ander swemmers in die Krugies swemspan uit te daag op 'n geleentheid soos deur skool afrigter bepaal.

**LAERSKOOL KRUGERPARK**

BEPALINGS:

1. Die Visse swemgala sal volgens inhuis reëls bestuur word, soos goedgekeur deur die Sportkomitee, in oorleg met die hoof van die beheerliggaam.

2. Die skool behou die reg voor om 'n swemmer in te skryf in items soos gereken in die belang van die span/kinders te wees en sal nie enige gradering, prestasie of ander kriteria wat onder andere deur klubs gebruik, as die vorm vir deelname gebruik nie.

3. Die uitslae in elke item word deur 'n Laerskool Krugerpark fasiliteerder verwerk.

4. Dieselfde program sal jaarliks vir die byeenkoms gebruik word.

5. Daar word van geen leerder verwag om as toeskouer na die byeenkoms te kom nie.

6. Beamptes sal deur die Swemorganiseerder aangewys word.

7. Tegniese inligting moet dieselfde wees vir alle byeenkomste.

8. Die Visse swemgala is bepalend vir die kies van Laerskool Krugerpark se swemspan wat aan die ander byeenkomste gaan deelneem waarheen die skool genooi word.

9. Die volgende trofeë sal toegeken word tydens die Vissegala: Senior Victrix / Victor Ludorum en Junior Victrix / Victor Ludorum.

10. 'n Swemmer mag aan soveel items deelneem as wat hy wil by die Vissegala.

11. Indien daar nie genoeg bane is om al die swemmers in een lopie te akkommodeer nie, moet in elke item soveel lopies plaasvind as wat nodig is om almal die geleentheid te bied. Die wenner word volgens tyd bepaal.

12. Die itemlys tydens die Vissegala sien soos volg daarna uit:

    - Kruipslag o/7 tot o/9 seuns en dogters 25m
    - Kruipslag o/10 tot o/13 50m
    - Borsslag o/7 tot o/9 25m
    - Borsslag o/10 tot o/13 50m

- Rugslag o/7 tot o/9 25m
- Rugslag o/10 tot o/13 50m
- Vlinderslag o/7 tot o/9 25m
- Vlinderslag o/10 tot o/13 50m
- Individuele wisselslag Oop item o/7 tot o/9 100m
- Individuele wisselslap Oop item o/10 tot o/13 200m

13. Die items word per slag geswem, bv.: Kruipslag o/7 tot o/13

14. Die byeenkoms sal jaarliks, voor die skool sluit in September aangebied word.

BYEENKOMS REELS:

1. "One start rule" sal nie toegepas word nie. Indien beweging of vroeë wegspring plaasvind, sal die betrokke swemmer een waarskuwing ontvang. 'n Tweede oortreding sal lei tot diskwalifikasie.

2. Swemmers word slegs gediskwalifiseer vir 'n verkeerde swemslag, of wanneer 'n verkeerde skop geswem word by 'n slag.

3. Die skeidsregter sal wel swemmers aanspreek tydens oortredings.

4. Die oordeel en beslissing van die skeidsregter van die dag is finaal.

APPéLLE

Appélle en besware sal slegs deur die Bona fide ouers van die skool hanteer word. Appélle moet skriftelik binne 30 minute nadat die item amptelik aangekondig is by die byeenkoms bestuurder ingehandig word. R100 moet saam met die appèl inbetaal word. Indien die appèl slag, is die R100 terug betaalbaar. Die appèlraad bestaan uit die hoof plekbeoordelaar, die baanskeidsregter, die skeidsregter en die beskermheer van die byeenkoms.

## 3. BYWONING VAN OEFENINGE / BYEENKOMSTE

a) Swemmers wat oefeninge misloop, sal vervang word.

b) ʼn Swemmer wat nie ʼn byeenkoms bywoon nie en nie ʼn skriftelike verskoning het nie, kry geen waarskuwing nie en word vir die volgende byeenkoms uit die span weggelaat. ʼn Tweede keer volg permanente weglating uit die span. Slegs mediese bewyse vir verskonings sal aanvaar word.

c) Swemmers moet korrekte swemdrag tydens byeenkomste aanhê en mag nie deelneem indien korrekte swemdrag gedra word nie. Laerskool Krugerpark het hul eie swemdrag en swempette.

## 4. OPSTEL VAN SPANLYS

Spanlyste vir ʼn byeenkoms word opgestel na aanleiding van aanvraag vir die betrokke gala. Swemmers word gekies op grond van hulle uitslae tydens die vissegala.

## 5. BEGROTING

Gedurende September moet ʼn begroting ingedien word vir swem. Die volgende moet op die begroting verskyn:

- klinieke/kursusse
- kostes vir die aanbied van swemgalas
- vervoer kostes
- swemtoerusting benodig

## 6. AFFILIASIE

Die skool behou die reg voor om te affilieer in die kompetisie of liga van hul keuse.

**7. ALGEMEEN**

a) Ouers wat op 'n onbehoorlike wyse inmeng met 'n beampte of 'n item, kan tot gevolg hê dat hul kind vir die item gediskwalifiseer word. Dit impliseer ook dat geen ouer die reg het om 'n kind te onttrek uit 'n item, in te skryf vir 'n item of op enige wyse tydens 'n byeenkoms met die spankeuse in te meng nie.

b) Enige onregmatige optrede moet binne een week na afloop van 'n byeenkoms skriftelik onder die hoof of beheerliggaam voorsitter se aandag gebring word. Die riglyne in die skool se amptelike Sportbeleid sal streng gevolg word indien tot dissiplinêre aksie lei.

c) Indien daar tydens die swemseisoen enige navrae is in verband met die swemreëlings, moet dit tydens skoolure geskied via die kantoor of 'n afspraak moet met die Swemorganiseerder, skool afrigter en hoof gemaak word.

d) Diskwalifikasie by 'n gala beteken geen plek toegeken.

**8. PRYSUITDELINGS – ERKENNING**

JUNIOR AFDELING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Spanverband: | Top 10 Wenners | - | Sertifikaat van meriete |
| Individueel: | Limpopo deelname | - | Sertifikaat van verdienste |
| | Limpopo kleure verwerf | - | Ere sertifikaat & balkie |

Die seun en dogter wat die hoogste prestasie behaal het in die sportsoort, ontvang elk 'n Wisseltrofee en meriete sertifikaat.

Die hoogste prestasie word bepaal deur die volgende:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Ouderdomsgala Victor/Victrix Ludorum | | - | 5 punte |
| 2. Beste 4 items op Limpopo Kampioenskappe, | 1ste plek | - | 10 punte |
| | 2de plek | - | 8 punte |
| | 3de plek | - | 6 punte |
| | Rekord | - | 2 punte |

**LAERSKOOL KRUGERPARK**

SENIOR AFDELING

| | | | |
|---|---|---|---|
| Spanverband: | Top 10 Wenners | - | Sertifikaat van meriete |
| Individueel: | Limpopo deelname | - | Sertifikaat van verdienste |
| | Limpopo kleure verwerf | - | Ere sertifikaat & balkie |

Die seun en dogter wat die hoogste prestasie behaal het in die sportsoort, ontvang elk 'n Wisseltrofee en meriete sertifikaat.

Die hoogste prestasie word bepaal deur die volgende:

1. Gekies vir deelname aan die SA Kampioenskappe
2. Beste plek / plekke behaal op SA Kampioenskappe

*Leerders in hierdie afdeling kry nie punte vir ouderdomsgala / Limpopo deelname nie, omdat swemmers gekies kan word vir SA Kampioenskappe – die hoogste prestasie.

LET WEL: Limpopo kleure verwys na SKOLE deelname / kleure ontvang NIE na KLUB deelname / kleure ontvang nie.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

_______________________________ Beheerliggaamvoorsitter

_______________________ Hoof: Laerskool Krugerpark